

## Verstommende skadubeeld van die ware tabernakel (OP98)

Heb 9:1-14

28 Augustus 2022

Laasweek het ons stilgestaan by die feit dat die Seun van God Middelaar is van 'n beter verbond. Ons het uit Heb 9:6-13 geleer dat daar 'n noodsaak is aan 'n beter verbond omdat die volk nie aan die verpligtinge van die Sinaiverbond voldoen het nie. Hulle het God se voorskrifte gereeld oortree, t.p.v. die feit dat hulle hierdie wette op skrif gehad het en t.p.v. die feit dat hulle onderneem het om dit te onderhou. Die "beter" verbond is natuurlik die "nuwe" verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. Ons het gesien dat daar vier beloftes van die Here is wat die nuwe verbond kenmerk: (1) God sal Sy wet in die verstande en op die harte van die mense skryf wat deel is van die nuwe verbond, (2) Hy sal hulle God wees en hulle sal Sy volk wees, (3) almal wat deel is van die nuwe verbond sal God ken, d.w.s. hulle sal 'n lewende verhouding met God hê, en (4) God sal al hulle sondes vergewe. Ons het ook gesien dat die inwerkingstelling van hierdie nuwe verbond ook gepaardgaan met die opheffing van die ou verbond, m.a.w. die verbond wat by Sinai gesluit is.

Vandag begin ons om te kyk na Heb 9. In Heb 9:1-10 beskryf die Hebreërskrywer die aardse heiligdom en die dienswerk wat daarin plaasgevind het, en hy kom opnuut weer tot die gevolgtrekking dat die heiligdom en dienswerk van die eerste verbond ernstige beperkings gehad het. In verse 11-14 wys hy dan hoe die Hoëpriesterlike werk van Christus hierdie beperkinge aanspreek.

Lees vers 1. In die oorspronklike teks ontbreek die woord "verbond"- daar staan dus: "Die eerste het voorskrifte vir die erediens gehad, en ook 'n aardse heiligdom". As jy egter onthou dat Heb 8:13 afgesluit het met die feit dat God "die eerste" oud verklaar het, en dat daardie "eerste" baie duidelik verwys het na die eerste of die ou verbond, dan is dit duidelik dat dit ook die bedoeling in vers 1 is, en dit hoe meeste vertalings dit vertaal. Ons lees ook in vers 1 dat die eerste verbond beide voorskrifte gehad het vir die erediens asook vir die aardse heiligdom. Die "voorskrifte vir die erediens" verwys natuurlik na die voorskrifte oor die dienswerk wat in die tabernakel verrig moes word, terwyl die "aardse heiligdom" na die tabernakel verwys – terloops, "aards" betken nie hier "sleg" of "sondig" nie, dit beteken net hierdie heiligdom was hier op die aarde – teenoor die ware tabernakel wat ons gesien het van die aarde tot in die hemel strek.

In verse 1-7 gee die skrywer vir ons 'n opsomming van die aardse heiligdom, oftewel van die Ou Testamentiese tabernakel, asook 'n opsomming van die dienswerk wat in hierdie heiligdom verrig is.

### Ou Testamentiese tabernakel (Heb 9:2-4a)

Lees verse 2-5. Kan ek begin deur 'n paar inleidende opmerkings te maak:

- Alhoewel dit so is dat die aardse heiligdom, oftewel die tabernakel, net maar 'n skadubeeld is van die ware tabernakel waarvan ons in Heb 8:2 gelees het, alhoewel dit waar is dat die aardse tabernakel geassosieer is met die ou verbond, wat intussen uitgedien en oud verklaar is volgens Heb 8:13, alhoewel die dienswerk wat in hierdie tabernakel plaasgevind het oneffektief was om volmaaktheid in mense voor God te bewerk, is dit egter ook so dat hierdie tabernakel destyds in opdrag van God opgerig was – onthou hoe Heb 8:5 ons daaraan herinner het dat Moses dit moes oprig presies volgens die voorbeeld wat God Hom op die berg gewys het. Ons het tog nou al verskeie kere tot die gevolgtrekking gekom dat die doel met hierdie tabernakel was om ons te leer van die Hoëpriesterlike werk van die Seun. Wel, kom ons leer dan van die skadu's wat in hierdie tabernakel opgesluit lê.

- Alhoewel die skrywer nadat hy in verse 2-5a 'n kort opsomming van die tabernakel gegee het, in vers 5b sê dat hy nie op die besonderhede hiervan wil ingaan nie, beteken dit nie dat ons dit nie mag of moet doen nie. Onthou, die skrywer skryf aan gelowiges met 'n Joodse agtergrond – hulle was dus goed vertrouwd met die tabernakel en sy dienswerk. Maar ons kan baie baat vind deur dit in meer diepte te oordink – en dit is juis wat ek vandag wil doen.
- In vers 2 vind ons detail oor die Heilige, en in verse 3-5 detail oor die Allerheiligste. Hier word egter niks gesê oor die Voorhof nie. Beteken dit die voorhof is nie belangrik nie? Hoegenaamd nie. Die punt waarna toe die skrywer besig is om te werk vind jy in vers 8 – daar is beperkte toegang tot die Allerheiligste solank die tabernakel nog staan. Dit is die voorskrifte vir die Heilige en die Allerheiligste wat die toegang tot die Allerheiligste beperk – en daarom beperk die skrywer sy bespreking tot hierdie twee dele van die tabernakel. Ons gaan egter ook kortliks verwys na die Voorhof.

Die eerste saak wat ek wil uitlig as ons oor die Ou Testamentiese tabernakel dink, is dit waarvan ons in Lev 1-3 lees waar die Here voorskrifte gegee het oor hoe die volk die kamp moes inrig tydens hulle tog na die beloofde land. Die tabernakel was die middelpunt van die kamp. Direk teen die tabernakel het die priesters en Leviëte kamp opgeslaan, 'n bietjie verder weg het die stamme van Israel kamp opgeslaan, en nog verder weg was diegene wat onrein was, of selfs die ander volke – as jy ver genoeg sou weggaan. Let nou op wat jy sou vind as jy van ver af aangestap sou kom na die tabernakel: Eers vind jy die heidense nasies, dan die onrein Israëliëte buite die kamp, daarna die rein Israëliëte in die kamp, daarna die priesters en Leviëte, en in die middel van die kamp, die tabernakel. Die mense wat jy raakloop word steeds meer heilig soos wat jy die tabernakel nader. Die tendens gaan voort soos wat jy in die tabernakel sou ingaan: In die voorhof mog almal van die volk wat rein was, kom. In die Heilige mog net die priesters kom, en in die Allerheiligste net die Hoëpriester net een maal per jaar op die groot versoendag. Duidelik is hier simboliek in. Duidelik is toegang tot die tabernakel beperk, en toegang tot verskillende dele van die tabernakel is selfs verder beperk. Ons sal moet dink oor hierdie betekenisse.

Kom ons kyk vervolgens na die drie dele van die tabernakel en wat in elke deel gebeur het en wat die simboliek daarvan is. Ek het dit 'n paar weke gelede ook bespreek toe ons oor die ware verbondstent gepraat het – so ek som dit kortliks op:

In die voorhof van die skadubeeld tabernakel, was daar die brandofferaltaar waarop gereeld diere geoffer is deur die priesters. Duidelik verwys die brandofferaltaar in die skadubeeld tabernakel na die eenmalige en effektiewe offer van die ware Hoëpriester in die ware tabernakel. Hierdie offer is gebring toe Hy aan die kruis gesterf het.

In die voorhof was daar ook die koper waskom, waarin die priesters hulle moes was voor hulle in die Heilige mog ingaan. Die koper waskom verwys na die gelowiges wat hulle in die ware tabernakel in die bloed van die ware Hoëpriester moet was. Sodoende word hulle priesters gemaak – wat ook, soos die priesters in die skadubeeld tabernakel, nou diens mag gaan doen in die Heilige van die ware tabernakel.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel teen die suidelike muur was daar die lampstaander wat daagliks deur die priesters versorg moes word. In die ware tabernakel is die ware Hoëpriester die ware Lig vir die wêreld. Die gelowiges, wat nou die priesters is, moet self in die Lig wandel, en hulle moet die Lig in die wêreld indra.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel teen die noordelike muur, is die tafel met die toonbrode. Die priesters moes dit weekliks uitpak en hulle mog daarvan eet. In die ware

tabernakel is die ware Hoëpriester die ware brood van die lewe. Die gelowiges, wat nou die priesters is, mag daarvan eet en gevolglik leef hulle ewig. Maar hulle moet ook die brood van die lewe aan ander aanbied, sodat hulle ook ewig mag lewe.

In die Heilige van die skadubeeld tabernakel reg voor die voorhangsel wat die Heilige van die Allerheiligste geskei het, het die wierookaltaar gestaan. Die priesters moes daaglik wierook offers op hierdie altaar bring, en die geur het deur die voorhangsel getrek tot in die Allerheiligste. In die ware tabernakel is die gelowiges die priesters en hulle moet gereeld in gebed wees voor God, en hulle gebede styg voor God op saam met die wierook.

In die Allerheiligste van die skadubeeld tabernakel mog niemand ingaan nie – behalwe die hoëpriester. Die priesters mog nooit hier inkom nie – die naaste wat hulle kon kom was die wierookaltaar voor die voorhangsel. In die Allerheiligste het die verbondsark gestaan. Ek beplan om netnou in meer detail oor die verbondsark te praat.

Sien jy die simboliek raak van hierdie Ou Testamentiese kamp en tabernakel: Ver buite die kamp is die heidene en die onreines. Netso vind jy ver buite die ware tabernakel die heidene. Soos wat jy naderkom aan die skadutabernakel vind jy God se uitverkore volk in die kamp, soos wat jy nader kom aan die ware tabernakel vind jy diegene wat deur God uitverkies is. As jy in die voorhof van die skadutabernakel kom, vind jy die lede van die volk en die priesters wat besig is om offers te bring. Soos wat jy nader aan die ware tabernakel kom, vind jy die mense wat hulle beroep op die dood van die Seun van God aan die kruis. Nog dieper in die voorhof van die skadutabernakel vind jy die priesters wat hulle was in die waskom voor hulle in die Heilige ingaan. Nog dieper in die voorhof van die ware tabernakel vind jy die gelowiges wat hulle was in die bloed van die Seun – hulle is nou geregverdig in Sy bloed en hulle is nou gereed vir priesterdiens in die Heilige. In die Heilige van die skadutabernakel vind jy net die priesters – besig om die lampe te versorg, die brode te versorg en wierookoffers te bring. In die Heilige van die ware tabernakel vind jy net die gelowiges wat reeds geregverdig is – hulle wandel in die Lig, wat die Seun is, hulle eet van die brood, wat ook die Seun is, hulle bid saam met die Heilige Gees en die Seun – hulle is besig met heiligmaking. In die Allerheiligste van die skadutabernakel vind jy net die hoëpriester, en net een maal per jaar met bloed en wierook. En in die Allerheiligste van die ware tabernakel? Natuurlik vind jy daar die ware Hoëpriester wat eenmalig daarin gegaan het met Sy eie bloed. Maar is dit al? Of is die gelowiges ook daar? Kan gelowiges ooit daar ingaan? Onthou, dit is waar God se troon is. Kan gelowiges ooit werklik in God se teenwoordigheid kom? Ons kom later terug hierna.

Let egter eers op die volgende: Ons het gesê die wierookaltaar staan in die Heilige van die skadutabernakel net voor die voorhangsel. As jy egter Heb 9:3-4 lees, dan blyk dit hier word gesê dat die wierookaltaar in die Allerheiligste agter die voorhangsel is. Hoe moet ons dit verstaan? Kan ek twee opmerkings hieroor maak:

- As jy vers 4 in die OAV lees, sien jy dat daar van 'n goue wierookbak gepraat word, en nie van 'n wierookaltaar nie. Daar word deur sommiges geredeneer dat hierdie wierookbak verwys na die bak wat die hoëpriester op die groot versoendag in die Allerheiligste sou inneem saam met die bloed. Dit is seker 'n moontlikheid. Maar dit skep dan 'n ander vraag: Hoekom beskryf vers 2 dan nie die wierookaltaar in die Heilige nie? Hoekom beskryf dit net die lampstaander en die tafel met die toonbrode?
- 'n Ander verduideliking is dat ons eerder moet raaksien dat die wierookaltaar baie nou geassosieer word met die Allerheiligste. Ons het tog gesê die geur van die wierook beweeg deur die voorhangsel en styg op voor God se troon in die Allerheiligste. Daar word geredeneer op die groot versoendag was die voorhangsel oop, ten minste om die

hoëpriester te laat deurgaan in die Allerheiligste in. Siende dat die wierookaltaar so nou geassosieer is met die Allerheiligste, is dit op daardie stadium so goed as in die Allerheiligste.

Ek weet nie of jy hierdie verduidelikings bevredigend vind nie. Persoonlik vind ek meer aanklank by die tweede verduideliking.

#### Die Verbondsark (Heb 9:4-5)

Lees verse 4-5a. In die notas wat ek saam met hierdie preek versprei het, het ek 'n skematiese voorstelling van die verbondsark ingesluit. Dit sal goed wees as jy dit voor jou hou. Eks 25:10-22 beskryf die verbondsark se detail.

Die verbondsark was 'n kis van ongeveer 1.25mx0.75mx0.75m. Dit was van doringhout gemaak en was heeltemal oorgetrek met goud. Kommentatore is dit eens dat die verbondsark 'n skadu is wat wys na die Seun. Die feit dat dit van hout gemaak was en met goud oorgetrek was, wys na die feit dat die Seun beide mens (die hout wys hierna) en God (die goud wys hierna), was.

Bo-op die verbondsark het die versoendeksel gelê – dit was van goud gemaak en het presies dieselfde afmetings gehad as die verbondsark – dit het dus die verbondsark volledig bedek aan die bokant. Dit was op die versoendeksel dat die hoëpriester op die groot versoendag die bloed gesprinkel het. Bo-op die versoendeksel was daar twee gerubs of engele. Hulle het na mekaar gekyk, en ook af na die versoendeksel toe, met hulle vlerke vooroor uitgesprei. Dit was hierbo die versoendeksel, tussen hierdie twee gerubs dat die heerlijkheid van God in die Ou Testament verskyn het en vanwaar God met Moses gepraat het. Jes 66:1 sê die hemel is die Here se troon, en die aarde is die voetbank vir Sy voete. Ons kan spesifiek aan daaraan dink dat hierdie voetbank hier in die Allerheiligste afgebeeld word. Dink maar aan daardie hemelse troonvisioen wat Johannes in Op 4 en 5 gesien het. Daar lees ons van die 4 lewende wesens (of gerubs) wat om God se troon was – netso is hier in die Allerheiligste gerubs om die heerlike verskyning van God.

Wat verder opvallend is, is dat ons in vers 4b lees daar was drie items binne-in die verbondsark: 'n goue kruik met manna, die kerie van Aäron wat gebot het, en die plat klippe met die wet van die verbond daarop geskryf. Kom ons kyk kortliks na elkeen:

- 'n Goue kruik met manna: Ons weet dat terwyl die volk op pad was vanaf Egipte deur die woestyn na die beloofde land toe, het hulle gekla oor 'n gebrek aan kos. Selfs nog voor hulle by Sinai was, het hulle terug verlang na die vleispotte van Egipte (Eks 16). Die Here het toe opdrag gegee dat twee liter van die manna bewaar moes word vir die nageslag. Hierdie manna is in die verbondsark gebêre. Lees Joh 6:32-35. Baie duidelik was die manna 'n heenwyse of 'n skadu van die Here Jesus self. Hy is die ware brood wat die Here vir gelowiges uit die hemel gee, soos wat Hy destyds die manna uit die hemel gegee het. Wie van hierdie ware brood van die lewe eet, sal ewig lewe en sal op die laaste dag uit die dood opstaan – lees Joh 6:40.
- Aäron se kerie wat gebot het: Dit verwys na die gebeure wat in Num 16 en 17 beskryf is. In Num 16 het Korag, Datan en Abiram jaloers geword op Moses en Aäron en gevoel Moses en Aäron matig hulle aan deurdat die Here net met hulle praat. Die Here het egter geoordeel Korag, Datan en Abiram was verkeerd, en hulle sterf deurdat die aarde hulle lewendig insluk. In Num 17 beveel die Here elke stam om 'n kerie na Moses te bring. Aäron se naam is op die kerie van die stam Levi geskryf. Al die keries is oornag in die tabernakel, waarskynlik in die Allerheiligste, geplaas. Die volgende more was daar botsels, bloeisels en selfs amandels aan Aäron se kerie, terwyl die ander keries onveranderd was. Duidelik was Aäron die een wat deur die Here as hoëpriester gekies was, en duidelik moes hy dienoreenkomstig deur die

volk erken word. Verder moes die volk ook raaksien dat deur die werk van die hoëpriester is daar die moontlikheid van lewe – dit is hoekom die kiere gebot het. Ons weet natuurlik dat die Seun die ware Hoëpriester is. Hy is ook direk deur God aangewys as Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, en natuurlik is daar lewe, ewige lewe, moontlik deur Hom.

- Plat klippe met die wet van God: Ons weet by Sinai het die Here Sy morele wet, die 10 gebooue, aan die volk gegee. Hierdie wet is deur die Here op klippe geskryf. Die feit dat die wet op klippe geskryf is, het aangedui dit is onveranderlik – soos wat ons al vantevore gesien het. Die feit dat dit deur God self geskryf is, dui aan hoe belangrik dit vir God is – en dit word verder onderstreep deur die feit dat die klippe in die verbondsark geplaas moes word. God verwag dat Sy volk volgens hierdie gebooue moet leef. 'n Oortreding van hierdie gebooue is sonde.

Ons kom netnou terug na die simboliek hiervan.

#### Dienswerk in die Ou Testamentiese tabernakel (Heb 9:6-10)

Lees verse 6-7. In hierdie verse vind ons weereens net verwysing na die dienswerk wat in die Heilige en Allerheiligste verrig is. Dit beteken nie dat daar nie dienswerk in die voorhof was nie: immers is dit waar die offers gebring is, wat baie dienswerk van die priesters geverg het. Weereens beperk die skrywer hom tot die dienswerk in die Heilige en die Allerheiligste omdat hy wil fokus op die toegang tot die Allerheiligste in vers 8.

Vers 6 leer ons dat die priesters gereeld dienswerk in die voorste gedeelte van die verbondstent, dit is in die Heilige, verrig het. Dit strook met ons vantevore gesien het: Hulle moes daaglik die lampstaander versorg. Hulle moes weeklik die brode op die tafel vervang. Hulle moes daaglik wierookoffers op die wierookaltaar bring. Daar was dus elke dag dienswerk – maar die dienswerk was net verrig deur die priesters.

Vers 7 leer ons van die dienswerk in die agterste gedeelte van die verbondstent, d.w.s. in die Allerheiligste. Hierdie dienswerk is slegs deur die hoëpriester verrig, en net een maal per jaar, en nie sonder bloed nie. Ons weet dit verwys na die gebeure wat op die jaarlikse groot versoendag gebeur het. Die hoëpriester moes op hierdie dag die bloed van 'n bul en wierook neem, en dit op en voor die versoendeksel, in die Allerheiligste gaan sprinkel om versoening te doen vir sy sondes, en daarna het hy dit herhaal met die bloed van 'n bok om versoening te doen vir die sondes van die volk.

Lees vers 8. Hier lees ons dat die hele opstelling van die tabernakel asook die dienswerk in die Heilige en Allerheiligste deur die Heilige Gees gebruik word, om vir ons te wys dat toegang tot die Allerheiligste toe is. Onthou, dit was die vraag wat ons vantevore gevra het: Gelowiges, omdat hulle priesters is, kan in die ware tabernakel duidelik tot die Heilige vorder, soos wat die Ou Testamentiese priesters in die Heilige diens kon doen. Maar kan hulle verder vorder? Kan hulle tot in die Allerheiligste vorder waar God is? Vers 8 sê nou toegang tot die Allerheiligste is egter toe – wel ten minste is dit toe terwyl die eerste, oftewel die skadutabernakel, nog bestaan. (Die NAV vertaling verwys hier na die “voorste gedeelte van die verbondstent”, die OAV vertaal dit egter beter met die “eerste tabernakel”). Die rede waarom toegang toe is, word in vers 9-10 gegee. Lees verse 9-10.

Toegang tot die Allerheiligste is steeds toe terwyl die skadutabernakel nog bestaan, want die handeling wat daarin uitgevoer word, raak bloot die uiterlike. Die offers kan nie werklik versoening bewerk nie, dit kan nie werklik 'n skoon gewete gee vir die een wat gesondig het nie. Dit was beperk tot handeling oor kos, drank en reiniging. Dit was alles bloot uiterlik. Dit verander nie die hart en die gewete nie. En, sê vers 10, dit was bloot tydelik – God het dit gegee bloot vir die periode totdat 'n beter orde sou kom. Nou ons weet nou uit ons bestudering van Hebreërs dat beter orde hand aan

hand loop met die vervanging van die eerste skadubeeld verbondstent met die ware verbondstent, dit loop ook hand aan hand met die opheffing van die ou Sinaiverbond en die vervanging daarvan met die nuwe verbond. Ons het laasweek gesien hierdie oorgang het plaasgevind toe Jesus hier op aarde aan die kruis gesterf het. Maar onthou: Dit was juis toe Hy aan die kruis gesterf het dat die voorhangsel in die tempel geskeur het! Daardie voorhangsel wat juis toegang tot die Allerheiligste beperk het! Met Sy sterwe is die skadubeeld tabernakel dus opgehef! Die ou verbond is opgehef! En die voorhangsel het geskeur! Sekerlik moet dit tog impliseer dat daar nou wel toegang is tot die Allerheiligste, tot God se teenwoordigheid, vir gelowiges?

Kom ons keer terug na die skadu's wat in die tabernakel afgebeeld was. Ons het reeds gesien gelowiges is mense wat deur die voorhof van die ware tabernakel gekom het – dit beteken hulle het die Seun as hulle Verlosser aangeneem, hulle is gewas in Sy bloed, hulle is m.a.w. geregverdig. Ons kan sê: hulle is in Christus. Hulle is die mense wat in die Heilige van die ware tabernakel gekom het as priesters – dit beteken hulle wandel in die Lig, hulle eet van die brood van die lewe, hulle bid saam met die Heilige Gees, en die Seun tree vir hulle in. Dit alles gebeur met hulle in hierdie lewe, terwyl hulle hier op aarde is. En dan, eendag, sterf hulle. Omdat hulle gelowiges is, is hulle in Christus. Maar, let nou op die volgende: Christus is ook die verbondsark. Hulle is in Hom, dus is hulle ook in die Verbondsark – daar waar die goue kruik met die manna is, die ware brood wat werklik lewe gee, die brood wat God uit die hemel aan die volk gegee het. Ja, hulle het van daardie brood geëet toe hulle in die Heilige was – want hulle is priesters in Christus. Hulle is in Christus, hulle is in die Verbondsark – daar waar Aäron se kiere is. Christus is werklik die ware Hoëpriester wat deur God self aangewys is, en wat vir hulle wat in Hom is werklik lewe gee, ewige lewe gee. Hulle is in Christus, hulle is in die verbondsark – daar waar die klippe met die wet is. Ja, dit is so, hulle het daardie wet oortree. Maar, hulle is in Christus, hulle is in die verbondsark – en die verbondsark is onder die versoendeksel, en bo-op die versoendeksel lê die bloed van die ware Hoëpriester wat Hy 2000 jaar gelede daarop gesprinkel het, en die heerlijkheid van God is bo die bloed. God sien hulle as Hy deur die bloed van die ware Hoëpriester, en deur die verbondsark, wat die ware Hoëpriester self is, kyk – en dan hulle voldoen aan al die eise van God se wet. Boonop het die ware Hoëpriester, omdat hierdie gelowiges deel is van die nuwe verbond, deur die Heilige Gees hierdie wet van God in hulle verstande en op hulle harte geskryf. Hulle ken dit, en hulle wil dit doen. Daarom is daar nou vir hulle toegang tot die Allerheiligste, daarom kan hulle nou in die teenwoordigheid van God kom. Lees Heb 9:11-14. Is dit nie presies wat ons sops gesien het nie?

Onthou jy die Hoëpriesterlike gebed van die Here Jesus in Joh 17? Lees Joh 17:21-23a. Hier bid die ware Hoëpriester dat, soos wat Hy in die Vader is en die Vader in Hom is, dat die gelowiges ook in die Seun en die Vader mag wees, en hulle saam met die Vader en die Seun een mag wees. Dis wat die Seun as Hoëpriester vir ons bewerk – eenheid met Hom en die Vader. In vers 24 bid Hy: “Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlijkheid kan sien”. Maar, die Seun is by die Vader – en daarom sal gelowiges ook by die Vader wees. En daar sal hulle die heerlijkheid van die Seun, en ook die heerlijkheid van die Vader sien – daar in die Allerheiligste van die ware tabernakel. Daar sal ons Hom sien soos wat Hy werklik is.

Is dit nie iets om oor opgewonde te raak en na uit te sien nie? Ja, ons is tans nog in die Heilige waar ons in die Lig wandel en van die ware brood eet. Ja, ons wag nog om deur die geskeurde voorhangsel te mag gaan in die Allerheiligste in. Maar intussen mag ons bid. Onthou egter: die wierookaltaar staan reg voor die voorhangsel – maar die voorhangsel is geskeur! Verstaan jy hoe spesiaal dit is om te mag bid? Verstaan jy hoe naby ons kom aan die teenwoordigheid van die lewende God? Ons staan dan op die drumpel van die Allerheiligste van die ware tabernakel. Verstaan jy hoe kosbaar dit is? Verstaan jy hoe kosbaar dit is om dit selfs met vrymoedigheid te mag doen? Want ons gebede is

met wierook vermeng – omdat die Heilige Gees saam met ons bid en omdat die Seun vir ons intree!  
In 'n sekere sin is dit die naaste wat ons in hierdie lewe aan God kan kom. Dan maak dit tog net sin dat ons dit graag sal doen, dat ons dit gereeld sal doen, maar ook dat ons dit met groot ontsag en vrees sal doen.

Ek hoop jy staan verstom voor die wonder van die Ou Testamentiese skadubeelde. Ek hoop ook jy staan in absolute verwondering oor die vervulling van die skadubeelde in die ware tabernakel, in die nuwe verbond deur die werk van die ware Hoëpriester.